

Hebreërs 11:1-11

Hope vol hoop deur die beloftes van God

Inleiding:

- Wat is geloof?
 - Meeste van ons ken die katkisasie antwoord.
 - Geloof is 'n gewisse kennis en 'n vaste vertrouwe.
 - Maar ken jy die persoonlike antwoord?
 - Die akademiese antwoord is nie noodwendig verkeerd nie, maar besef jy wat geloof werklik is?
 - Kan jy vir iemand verduidelik wat geloof is?
 - Woorde soos glo en geloof beteken vir baie mense baie verskillende dinge.
- Op min plekke gaan jy egter so 'n goeie definisie kry van wat geloof is, soos in Hebreërs 11.
 - *“Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie.”*
 - Dit is 'n redelike duidelike definisie van geloof.
 - Maar dit is steeds effe onduidelik vir baie mense.
 - Terme word gebruik wat maar baie vaag is om te verduidelik.
- Die hele Hebreërs 11 vloei uit hierdie eers vers uit.
 - Die volgende 39 verse dien as voorbeeld om aan die lesers te verduidelik wat presies geloof is.
 - Verskeie geloofshelde word uitgelig om aan die lesers praktiese voorbeelde van geloof te gee.
 - Al hierdie geloofshelde het vasgehou aan die beloftes wat God gegee het.
 - Dit skep egter die ruimte om in dieselfde slaggate te trap as waarvan ons laasweek oor psalm 56 gehoor het.

- Die doel van Hebreërs 11 is nie om te wys hoe wonderlik hierdie mense was nie, maar om te wys hoe getrou God aan sy beloftes was en ook nog vandag is.
- Daarom staan ons vandag stil by Hebreërs 11 met die tema – Hope vol hoop deur die beloftes van God.
 - Ons word vanoggend weer verseker dat God sy beloftes bevestig.
 - God se beloftes kweek hoop
 - Hou vas aan die kosbare beloftes van God.

God bevestig sy beloftes

- Wanneer ons die gebeure van Hebreërs 11 oorvertel is ons geneig om weg te trek by die rits geloofshelde wat genoem word.
 - Abel, Henog, Noag, Abraham.
 - Maar dan is daar soveel ryk detail wat heeltemaal verlore gaan.
- Die brief aan die Hebreërs word geskryf in alle waarskynlikheid aan die eerste generasie christene wat ernstige vervolging ondervind het.
 - Die gevolg is dat baie van hierdie gelowiges teruggegaan het na hulle Joodse verlede omdat hulle 'n mate van veiligheid beleef het.
 - Die skrywer maak egetr gebruik van bekende begrippe in die hele brief juis om vir die gelowiges vanuit hulle verlede te wys dat Christus juis die vervulling is van dit waarop hulle nog altyd gewag het.
- Daarom begin die skrywer in Hebreërs 11 om te beskryf wat geloof is.
 - Julle glo nog altyd, maar wat beteken dit werklik om te glo.
 - Jy is seker van dit waarop jy hoop.
 - Jy is oortuig van die wat jy nie sien nie.
- Dit is nie 'n geval van dat jy glo, maar jy wag nog vir 'n paar bewysstukke nie.
 - Dit is nie 'n geval van dat jy glo, maar 'n paar goedjies moet nog vir jou sigbaar word nie.
 - As dit die geval is, dan is dit nie meer geloof nie.
 - Geloof is nie afhanklik van dit wat vir my bewys kan word nie.

- Geloof is nie iets wat deur oortuiging en bewysstukke gekweek kan word nie, maar slegs moontlik is deur die werk van die Heilige Gees.
- Na hierdie duidelike definisie van geloof spring die skrywer steeds nie direk na die geloofshelde toe nie.
 - Die skrywer begin deur na die skepping te verwys.
- In elke beskrywing begin die skrywer met die vertrekpunt – *“omdat ons glo,”*
 - Met ander woorde dit is nie die bewysstukke nie, maar die geloof wt die vertrekpunt is vir die sekerheid wat ons het.
 - Die eerste geloofsheld wat die skrywer oproep is ons.
 - Ons is die wat glo dat God deur sy woord geskep het.
 - Die eerste motivering begin by die skepping.
 - Hierdie gebeurtenis het plaasgevind sonder dat enige mens toeskouer was of kon sien wat gebeur om dit dan geloofwaardig te kon oordra.
 - Soos wat geloof nie iets is wat ons kan sien nie, het God deur sy woord die hele wêreld tot stand gebring deur dit wt nie sigbaar was nie- sy woord.
- Dit wat ons kan sien het ontstaan uit iets wat ons nie kan sien nie.
 - As die omgekeerde die geval was, was dit nie skepping nie, want dan het dit alles reeds bestaan en was die hele skeppingsproses nutteloos gewees
 - Dan verwerp ons die hele karakter van wie die Vader is as die een wat skep en onderhou.
 - Daar was dus nie mense wat kon getuig van die skepping nie, want God het geskep sonder enige mens wat gekyk het of toesig gehou het oor die gebeure.
- Dan gaan die skrywer oor na die geloofshelde.
 - Ons sien so duidelik dat dit nie stap een is in die skrywe aan die lesers nie.
- Eers na die definisie van geloof en dan die beskrywing van die skeppingsverhaal gaan die skrywer verder om sy getuies op te roep.
- Abel word eerste genoem.
 - Maar die skrywer begin nie by Abel se offer nie, maar by die feit dat Abel geglo het.
 - Abel se daad het dus uit sy geloof gevloei.

- Hy was nie beloon vir sy hoëstandaard offer nie, maar omdat hy in God geglo het.
- God maak dit egter vir Abel duidelik deurdat Abel bevestiging ontvang dat hy regverdig is.
 - Die skrywer gaan verder dat Abel steeds deur dieselfde geloof spreek.
 - Dit beteken dat ek en jy ook vandag wanneer ons na die gebeure van Abel kyk, die geloof moet raaksien, eerder as die fisiese offer wat gebring is.
- Henog word as die volgende skrywer opgeroep.
 - Die skrywer beskryf die gebeure van Henog asof hy net skielik verdwyn het.
 - Een oomblik was hy daar en toe nie meer nie.
 - Saam met die getuienis word beskryf dat Henog gedoen het wat God van hom gevra het.
 - Die enigste wyse waarop dit moontlik was, is deur die geloof.
- Noag is die volgende getuie.
 - Noag word genoem juis omdat hy in die onsienbare dinge geglo het.
 - Omdat Noag vir God geglo het, en die ark gebou het, is hy en sy hele gesin gered terwyl die res van die wêreld deur die vloed verdelg is.
 - Tog word Noag se vervolging ook genoem.
 - Hoewel die gedeelte oor Noag in Genesis 6 die spesiek die vervolging noem nie, kan ons aanneem dat dit vir Noag swaar was om op sy hoë ouderdom die fisiese werk te kon doen om die ark te bou.
 - So word die lesers van die broef ook opgeroep om te ly ter wille van die geloof.
 - Want so word jy 'n erfgenaam van die geregtigheid.
- Die vierde en laaste gedeelte van die gedeelte wat ons saamgelees het, is Abraham.
 - Abraham het ook geglo in dit wat nie gesien kon word nie – die belofte van God in Genesis 15.
 - Abraham wat rondgetrek het met kleinvee, gaan 'n vaste woning in 'n land kry.

- Abraham wat op 'n hoë ouderdom nog nie kinders gehad het nie, gaan 'n kind hê en 'n groot nageslag.
 - Dit alles is beloftes van die Here wat nie gesien kan word nie, maar Abraham het dit geglo.
 - Tog word Abraham se vrou, Sarah, nie genoem nie.
 - Die rede daar agter is omdat sy gelag het toe sy die belofte van die Here gehoor het.
 - Sy het dit nie geglo nie.
- Baie van hierdie beloftes van die Here het heeltemaal waansinnig geklink.
 - Maar die beloftes van die Here kweek hoop.

God se beloftes kweek hoop

- Al die geloofshelde wat opgeroep word is almal uit die Ou Testament.
 - Met ander woorde hierdie gelowiges het Christus nooit gesien of beleef nie.
 - Hulle het nie die maagdelike geboorte, water in wyn, loop op die see, water in wyn en die kruisiging en opstanding uit die dood gesien nie.
- Beteken dit dat hulle nie deel het aan hierdie belofte het nie?
 - Nee, intendeel, hulle geloof het hulle juis deur die genade van God deel gemaak aan hierdie beloftes.
 - Hulle het 'n hoop gekweek uit die hand van God wat hulle laat vashou het aan die beloftes.
 - Die beloftes was nie net dat 'n offer aangeneem sal word of dat daar 'n groot vloed gaan kom nie, maar dat daar 'n volmaakte Verlosser sal kom.
 - Hoewel dit nie uitdruklik vir elkeen gesê is nie, word dit baie duidelik gemaak in die verwagting wat hierdie gelowiges in God gehad het.
 - Hulle kon nie hierdie dinge dadelik sien nie, maar dit beteken nie dat God ontrou was aan enige een van sy beloftes nie.
 - Deur die verloop van die hele Bybel sien ons hoe God sy beloftes bevestig en bekragtig en ook hoe dit uiteindelik sy hoogtepunt in Christus aan die kruis kry.
- Die evangelie sentreer rondom die beloftes van God.
 - God se beloftes is die goeie nuus.

- Nie net die beloftes waarop ons nog wag nie, maar ook op dit wat reeds gebeur het.
 - Dit wat God reeds gedoen het en wat in vervulling gekom het in Christus dien vir ons as die bevestiging van God se beloftes.
 - Daarom kweek die geloof by ons die versekerde hoop dat God steeds aan sy beloftes sal getrou bly.

Hou vas aan die kosbare beloftes van God

- Geliefdes waar was jy toe die wêreld geskep is?
- Waar was jy toe Abel sy offer gebring het?
- Waar was jy toe God die ark geseël het met Noag en sy gesin daarbinne?
- Waar was jy toe Abraham die opdrag gekry het om te trek saam met die verbondsbeloftes?
- Nie eers ons oudste lidmate was toeskouers daarvan nie.
 - Ons het geen rede om hierdie gebeure te ontken nie.
 - Inteendeel, die Gees gee aan ons die geloof om al hierdie gebeure waarlik opreg te glo.
 - Net so glo ons ook dat die kruisdood 'n realiteit was en dat Christus uit die dood uit opgestaan het en nou regeer aan die regterhand van God.
- Dit alles is beloftes van God wat waar geword het.
 - Daarom kan ons ook seker wees dat God se beloftes waar ons nog op wag vir vervulling ook steeds waar sal wees.
- Beteken dit dat ons vaskyk in die feit dat kerkgetalle krimp?
 - Of hou ek vas aan die belofte dat Christus sy kerk sal bewaar?
- Beteken dit dat ek vaskyk in die feit dat gelowiges regoor die wêreld vervolgd word?
 - Of hou ek vas aan die belofte dat God se woord nooit leeg sal terugkeer nie?
- Beteken dit dat ek vreesbevange wag dat grondeise my haweloos laat?
 - Of hou ek vas aan die belofte van 'n ewige woonplek wat Christus vir my voorberei?

Slot:

- Verder in Hebreërs 11 word nog klomp geloofshelde genoem.
 - Die hele verloop van die Ou Testament word vir ons genoem in hierdie hoofstuk.
- Die versoeking is groot om op te kyk na Noag, na Josef, na Moses, Simson, Dawid en Samuel.
 - Maar hulle het almal in geloof opgetree.
 - Kyk rondom jou.
 - Kyk hoeveel gelowiges sit saam met jou en hou vas aan die beloftes van God.
 - Dit is nie 'n oproep dat ons mekaar as geloofshelde moet sien nie, maar dat ons saam as lede van een liggaam vorentoe kyk na die vervulling van die belofte wat wag.
- Christus kom.
 - Hy het belowe.
 - En die belofte van God staan vas.